Die Voortrekkers

Transvaal Omsendbrief

November 2021

houKOERS!

transvaal.voortrekkers.co.za

15 November 2021

Beste voortrekkervriende,

1. Gebiedsleier
(Sirkel – Skakel)

2021 was vir Die Voortrekkers ‘n baie besonderse jaar aangesien ons organisasie sy 90ste bestaansjaar vier!

In hierdie 90ste feesjaar van Die Voortrekkers is ons leuse “*gaan Groot*” en ons het behoorlik *Groot gegaan* met verskeie 90 projekte binne spanverband, binne kommandoverband en as uitreik aksies na die gemeenskap. Baie geluk aan elke Voortrekkerkommando wat hierdie jaar *Groot gegaan* het, jul het werklik diep spore gedurende hierdie feesjaar getrap. BAIE DANKIE aan elke ouer; voortrekkeroffisier en staatmaker wat deurlopend in voortrekkers gebou en gevorm het. Jul *gaan Groot* met bouwerk in on jeuglede!

Baie sterkte aan die nuwe kommandodagbesture vir jul termyn wat ‘n aanvang neem. Mag julle voortbou op die spore van jul voorgangers ne steeds *Groot gaan!*

Die tema vir 2022 is “*Blye vooruitsig*”

Na twee jaar van inperkings en beperkings agv Covid-19; sien ons met “*blye vooruitsig*” uit na die 2022.

- Ons kan vooruitkyk na groter dinge; meer voortrekker aktiwiteite en kuiers om voortrekkerkampvure!
- Ons kan in blye vooruitsig die positiewe en hoop van 2022 raaksien!
- Ons kan ons voortrekkervlam helder laat brand en steeds ‘n verskil rondom ons maak!

Ons glo dat elkeen ‘n vreugdevolle Christusfees sal ervaar. Geniet die vakansie en feesseisoen saam met familie en vriende. Reis veilig en bly gesond tot ons mekaar weer in 2022 ontmoet!

Wat ‘n *Blye vooruitsig!*

2. Administrasie
(Stadige verkeer)

2.1 Lederegistrasies en rekonsiliasies
Baie dankie aan alle kommando en oordsekretaris wie hard agter die skerms gestoei het met die rekonsiliasies van lederegistrasies met finansies. Die afsnydatum was 10 November 2021.

Alle voortrekkerlede wie se voortrekker registrasiegeld nie ontvang is teen 15 November 2021 nie moet onmiddellik deregistreer word op SAS2 deur die kommando sekretarisse.
Kontak gerus jou oordsekretaris met enige navrae.

2.2 2022 jaarprogramme
Neem asseblief weereens kennis dat vanaf 2022 daar vyf (5) jaarprogramme gaan wees.

Die Transvaal gebiedsjaarprogram sal die volgende datums verskaf: Die gebiedsdagbestuur en gebiedsbestuursvergaderings, gebiedskampdatums en alle komitee datums, waar nodig.

Kennisgewings wat via die Transvaal webblad uitgestuur sal word sal die gebiedskampe en gebiedsaktiwiteite waarna reeds verwys is insluit.

Elke oorgangsgebied (oord) sal op hulle eie jaarprogramme voorsiening maak vir hulle oorddagbestuur en oordbestuurvergaderings, GGA/GGN dae wat deur elke oorgangsgebied aangebied sal word. Elke oorgangsgebied sal ook sy eie GGA/GGN dae bemark.

Die vyf (5) jaarprogramme sal saam met die omsendbrief in die amptelike kennisgewing versprei word.

2.3 SAS2
Onthou asseblief: vir alle kommandowerk - **Gebruik die kommando- profiel om in te teken.** (Nie jou eie profiel). Gebruik gerus die volgende skakel https://sas2.voortrekkers.co.za/workgroups/group/83/disk/path/ vir die SAS2 handleidings wat beskikbaar is.

Alle oorgangsgebiede (oorde) sal vanaf 2022 self navrae hanteer insake SAS2. Kontak gerus jou oordsekretaris vir die nodige hulp:

- Oosvaal: Ina Gericke - admoosvaal@gmail.com
- Oosterlijn: Mauritz Meiring - admin@oosterlijn.voortrekkers.co.za
- Bergenbos: Mona du Plessis - admin@bergenbos.voortrekkers.co.za
- Leeuwenveld: Willem Scholtz- admin@leeuwenveld.voortrekkers.co.za

2.4 2021 Kommando en oordjaarverlae
Alle kommando en oordjaarverslae van hierdie jaar, 2021, sal in 2022 nog steeds ontvang en geprosesseer word deur Transvaal Voortrekkers.

Die skakel vir die kommandojaarverslae is beskikbaar op Transvaal webblad:
https://transvaal.voortrekkers.co.za/kommandojaarverslag/

2.5 Administrasie en SAS navrae / kommunikasie

Enige navrae rakende Transvaal voortrekker administrasie en SAS-sake moet asseblief gerig word aan admin@transvaal.voortrekkers.co.za. Die navrae sal dan na die korrekte persone gekanaliseer word. Transvaal Administrasie WhatsApp-groep (Tvl. AKL Admin) sal tot 2023 behulpsaam wees met die beantwoording van enige SAS en administrasie navrae.

3. Finansies en Terreine

(Terreine & Fondse)

3.1 Ledegeld vir 2022:

Ledegeld vir 2022 soos volg vasgestel tydens Hoofbestuur in September 2021:

Offisiere, Verkenners, Penkoppe en Drawwertjies	R500.00 per lid
Heemraadslede	R260.00 per lid
Staatmakers	R230.00 per lid

4. Bemarking

(Groei)

4.1 Bedanking van AGL Bemarking

Riaan du Preez het bedank as AGL Bemarking. Inlig van die huidige herstruktueringsproses sal die portefeulje nie gevul word nie.

Alle oorgangsgebiede sal verantwoordelik wees vir hulle onderskeie oorde se bemarking.

Groot dank en waardering word uitgespreek teen oor Riaan du Preez; bemarking en kommando lede vir die afgelope periode se bemarkingsprojekte, en spesifiek die onderskeie 90 jaar feesprojekte.

5. Penkop en drawwertjie sake

(Leer speel-speel)

Daar is ons weer aan die einde van nog ‘n jaar en kan ons weer met volgende jaar se beplanning begin!! – Kyk gerus na die verskillende Jaarprogramme van al die Oorde vir al die inligting nodig om vir die kinders ‘n heerlike Voortrekker jaar te beplan.

5.1 Gebiedskampe

Welgedaan aan al die suksesvolle gebiedskampe wat wel aangebied kon word in 2021 met nog steeds ‘n paar uitdagings. Dis met opwinding dat almal wag vir volgende jaar se inligting en sterkte met die beplanning van al die kampe en almal waardeer die moeite en liefde wat daarin gesit word.

5.2 GGA/GGN

Dankie vir die elektroniese terugvoer van die **offisiere** en **ouers** vanaf die GGA/GGN want daardie inligting word verwerk deur die taakgroep en terugvoer word gegee aan die betrokke kommando. As daar enige probleme gerapporteer word, word dit deur die taakgroep hanteer.

Dankie vir almal se insette en ekstra moeite met die aanbiedinge deur die jaar om die spesialisasies vir die jeuglede aan te bied.

5.3 Voorslag

Baie geluk aan die al Voorslag kandidate wat aan die proses deelgeneem het en 'n toekenning ontvang het ons is almal baie trots op julle. Dankie ook vir elke offisier se tyd en beplanning deur die jaar of dit op die kamp was of in die span. Hoop dat elke jeuglid sy Verkennerlewe ten volle sal geniet.

5.4 Werkboeke

Sorg asseblief dat die mees opgedateerde boek gebruik word soos beskikbaar op die Hou Koers webblad.

5.5 Penkop en Drawwertjie inligting

Enige navrae rakende PD-sake moet asb gerig word aan kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za die kantoor sal die navrae na die korrekte persone kanaliseer.

6. Verkennersake

(Produk in wording)

6.1 PV-proses inskrywings 2022

Dit is weer tyd om in te skryf vir die PV-proses 2022. Neem kennis dat alle inskrywings vanjaar in oordverband plaasvind en dat aansoeke per e-pos of in hardekopië ingedien kan word.

Oord	E-posadres vir elektroniese inskrywings	Kontakpersoon	Selfoonnommer
Oosvaal	pv@oosvaal.voortrekkers.co.za	Louis Keyser	083 308 1757
Oosterlijn	pv@oosterlijn.voortrekkers.co.za	Lizelle Le Roux	079 428 0191
Bergenbos	pv@bergenbos.voortrekkers.co.za	Esther Visser	082 555 7458
Leeuwenveld	pv@leeuwenveld.voortrekkers.co.za	Willem Scholtz	082 823 9446

Hardekopië (papier) inskrywings kan by die Transvaal Gebiedskantoor afgelewer word waarna dit aan die relevante lid van die Gebiedskomitee: Verkennersake gestuur sal word.

Die PV Prospektus 2022 (beskikbaar op voortrekkers.co.za) bevat al die nodige inligting en dokumente om die inskrywing te voltooi. Neem kennis dat vergunnings vir COVID-19 reeds ingewerk is by die Prospektus 2022.

Die inskrywingsfooie (R100.00) word aan die Oord betaal waarna dit eenmalig oorbetaal word aan die Hoofkantoor. Geen inskrywingsfooie moet aan Gebied Transvaal betaal word nie.

Baie dankie vir elke kommando se flukse samewerking om die Presidentsverkennerproses elke jaar suksesvol af te handel.

7. Staatmakers

(Apart maar Saam)

7.1 Afskeidsboodskap GSR 2019/2021

Iemand het eenkeer gesê: "Elke sonsopkoms en sonsondergang is bewys genoeg dat daar 'n begin en einde vir alles is. Daar moet eindes wees sodat die nuwes ook tot vervulling kan kom."

Netso staan ons nou aan die einde van nog ’n termyn. Wat 'n voorreg was dit nie! Of ons nou vir 2 of 4 jaar op die bestuur gedien, elkeen van ons het meer geleer, gedeel en ervaar as wat ons ooit voor kon vra.

COVID-19 het ons verras in 2020 en ons genoop om anders en nuut te dink. Ons moes amper elke week nog 'n aanlyn platform leer ken en kon vir maande nie bymekaar kom nie. Kampe wat ons harte laat warm klop, was ook dikwels van die baan. Ons het selfs ook 'n paar vriende, familielede en Voortrekkers langs die pad verloor wat vir altyd letsels in ons gemoed sal laat.

Maar ten spyte hiervan, was daar ook verskeie hoogtepunte. Dink maar aan die eerste weersiens, hetsy by 'n kamp of ander Voortrekkeraktiwiteit. Daar was ook ’n e-Skattejag, Staatmakeraksies en Staatmakeruitdagings tussen die Staatmakergroepe. 90P90 was ‘n groot mikpunt maar saam het ons ons doelwit oortref.

Natuurlik kon ons dit nie alleen doen nie. Dankie aan elke Staatmaker, ander Voortrekker en nie-Voortrekker vir jul ondersteuning, entoesiasme en deelname. Dankie aan elke bestuurslid by wie ons kon leer, raad vra en ons opinies deel.

Sterkte aan die nuwe bestuur wat nou oorneem! Dit is nie ‘n maklike taak nie, maar hardloop voluit en geniet elke deel van hierdie reis!

So ons sê dan totsiens vir nou, Hou Koers en mooiloop tot ons mekaar eendag weer ontmoet!

7.2 Bestuursverkiesings 2021/2022 en 2021/2023

Karolien Thomas is verkies as die gebiedskakeldraer (GSD) van Transvaal vir 2021/2023. Bevan Jonck (Leeuwenveld); Joa van der Merwe (Oosvaal) en Lanike Hugo (Oosterlijn) is verkies as oordverteenwoordigers van hul onderskeie oorde en sal ook as adjunk-gebiedskakeldraers (AGSD) dien vir 2021/2023. Oorde Bergenbos is besig met die verkiesing van hul oordverteenwoordigers wat dan die res van die gebiedstaatmakerraad (GSR) sal voltooi. Baie sterkte met jul termyn!

Die groepbestuurverkiesings van die onderskeie Staatmakergroepe in Transvaal het dan ook nou ‘n aanvang geneem. Sterkte met jul verkiesingsproses.

7.3 Jaarafsluiting 2021

Die jaarafsluiting van Transvaal Staatmakers vind plaas op 27 November 2021 om 18:30 vir 19:00 by die Sytze Wierda Voortrekkerterrein.
Bemarking en meer inligting beskikbaar op WhatsApp en sosiale media. Matrieks van 2021 en nie-Voortrekkers ook welkom.

RSVP asseblief by: https://forms.gle/jUi1gcNhfcqyJ4NBA

7.4 Kommunikasiekanale

Kommunikasie rakende Staatmakersake vind hoofsaaklik via WhatsApp en sosiale media (Instagram en Facebook) plaas. Staatmakers en belangstellendes word genooi om ons op sosiale media te volg en by die volgende WhatsAppgroepe aan te sluit:

Groep vir Staatmakers in Transvaal: https://chat.whatsapp.com/DdqYzJSQz4v5Xv58NDkmPB

Groep vir alle Staatmakers (nasionaal):
https://chat.whatsapp.com/JK4i6kFFgDT5KQHkmA5B65

Die gebiedstaatmakerraad (GSR) kan ook via e-pos gekontak word by staatmakers@transvaal.voortrekkers.co.za.

8. Volwasse sake

(Oplei en toerus)

Aan alle Veerkragtige Vuisvoos Voortrekkeroffisiere.

Tot nog onlangs het dit meestal of goed of sleg met mense gegaan... Deesdae as jy vra hoe dit gaan, is die antwoord “oraait” of “ag uhm so-so”. Nou het hierdie gevoel ‘n naam begin kry. As jy nie regtig positief is nie, maar ook nie negatief nie – jy voel sommer net BLAH...of MEH... Die Engelse term wat gebruik word is “Languish” (dis anderS as language!) en beteken “to lose vigor and vitality”.

In onse mooie taal is daar egter ‘n beter beskrywing – VUISVOOS. Dit is wanneer ‘n bokser so baie geslaan word dat hy ophou keer – hy gee op maar nog nie oor nie. Skrywers het ook die term Virusvoos begin gebruik vir die gevoel wat mense tans voel met covid. Ons is moeg vir maskers, vir golwe en inperkings - ons staan, met ons arms langs ons sye en vat maar die houe teen die kop.... maar ons weet ook hierdie lewe is nie vir sissies nie...so hoe staan ons weer op?

Die belangrikste entstof teen vuisvoosheid is Veerkragtigheid! Dit is die vermoë om terug te bons, om weer op te staan, soos Rocky van ouds, wat in die laaste minuut weer nuwe krag kry en terug baklei. Laat my dink aan die liedjie se woorde “I get knocked down, but I get up again, you’ll never gonna keep me down...”

Liewe Offisiere my wens vir elkeen tydens hierdie feestyd (myself ingesluit) is dat ons weer ons bons terugkry.

Hier is ‘n paar wenke aan ander Vuisvoos Veerkragtige Voortrekkers om terug te bons:

1. **Geloof.** Beoefen jou geloof deur stiltetyd en gebed. Doen huisgodsdiens en beoefen kerstyd soos Christene.
2. **Voriesaamtrek 2022.** Woon volwasse opleiding by. Merk **21-23 Januarie 2022** in julle kalenders. Meer inligting word binnekort versprei.
3. **Passie**. Doen waarvoor jy lief is. Om ’n taak, of projek met passie aan te pak bevorder jou veerkragtigheid. Passie is ook aansteeklik en inspireer ander tot uitlewing van húl menswees.
4. **Bly op hoogte van nuwe verwikkelinge.** Gaan kyk gereeld op https://transvaal.voortrekkers.co.za/ en https://voortrekkers.co.za/nuus/

5. **Fokus op jou sterkpunte.** Ontwikkel jou sterkpunte en moenie altyd net konsentreer op swakker punte nie. As jy goed is met iets – bied ‘n kursus aan!
6. **Selfversorging.** Veerkragtige mense besef die waarde van selfversorging, fisiese versorging, maar ook rus en ontspanning, en die beoefening van ’n stokperdjie of aktiwiteit wat jy geniet en wat jou lewe verryk.
7. **Gee die eerste tree**. Moenie wag vir iemand anders nie. As jy ‘n goeie idee het – doen iets daaraan!
   Geseënde feestyd vir almal – mag ons almal se bonse terugbons!

Voortrekkergroete,

Zandra Machin – Gebiedsleier (082 923 5611 - gebiedsleier@transvaal.voortrekkers.co.za)
Elsa Schnetler – AGL Administrasie (082 707 2010 - admin@transvaal.voortrekkers.co.za / elsies1@afrihost.co.za)
Anita Bezuidenhout – AGL Finansies en Terreine (082 451 1549 - anita.bezuidenhout@vodamail.co.za)
Anine Wheeler – AGL Penkoppe en Drawwertjies (082 459 7157 – anine1711@gmail.com)
Jaco van der Walt – AGL Verkenners (072 312 7722 - jaco.vn.dr.walt@gmail.com)
Dirk van den Berg – AGL Volwassesake (082 418 9467 - Dirk@helpendehand.co.za)
Karolien Thomas –GSD (083 800 5662 - transvaal.staatmakers@gmail.com)